

DIE VLEUELS VAN GEBED (13)

DIE VLEUELS VAN GEBED (13) – Jan van der Watt

Die ou slang kry 'n bloedneus.

Here help, satan wil my seermaak!

Die positiewe pool van sondebelydenis is 'n pleidooi **vir bewaring teen die sonde**. Elke gelowige is satan se verklaarde vyand nommer een. Satan wil ons graag skade aandoen, omdat die enigste manier is waarop hy God kan seermaak. Dit is satan se lewensdoel. Jy as gelowige staan ongelukkig in hierdie spervuur. Gelukkig is ons darem gewaarsku! Daarom kan ons voortdurend bid dat die Here ons teen die aanvalle en versoekings van Satan sal beskerm.

Daarom kan ons ook bid:

Laat ons nie in versoeking kom nie,

maar verlos ons van die bose.

(Mat 6:13)

Maar nou moet ons weet waaroor ons bid en waarvoor ons vra as ons vra dat God ons sal verlos van die bose. In Efesiërs 6:12 waarsku Paulus juis sy gemeente:

Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie

maar teen die owerhede, teen die magte,

teen die heersers van hierdie donker wêreld,

teen die bose geeste in die lug.

Daarom pas die raad wat hy gee by die tipe stryd wat gevoer moet word:

Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.

*Doen dit alles **biddend***

en smEEK God by elke geleentheid deur die Gees.

Wees waaksaam

*en **bid** gedurig vir al die gelowiges.*

(Ef. 6:10,18)

In gebed moet ons onself dus biddend staal teen versoekings en aanslae wat oor ons lewenspad mag kom. In gesprek met God moet ons onself voorberei om elke slim plan van satan om ons uit te vang, te fnuik. Dit vorm dus ook 'n belangrike deel van my sondebelydenis. Ek moet dus nie alleen my sondes wat ek reeds gedoen het, bely nie. Ek moet myself ook soos 'n soldaat voorberei vir die lewenstryd wat voorlê.

Die Here gee my 'n wapenrusting.

Uit Ef. 6:10-17 (die sogenaamde 'wapenrusting van God' – vers 13) is dit meer as duidelik wat dit beteken om jouself vir die lewenstryd teen die magte van die bese gereed te maak. Die gelowige word gevra om op sy **pos** te bly (verse 13 en 14). Dit beteken bloot maar om naby die Here te leef. Die plek wat die Here vir jou uitgekies het, dáár moet jy bly. En die Here sal nie sy kind in die leeu kuil instuur sonder om Self daar te wees en hom of haar te beskerm nie. Maar in hierdie stryd sien die Here ons nie as babatjies nie, maar as soldate. Ons moet dus self tot die stryd toetree. Daarvoor het ons egter nodig

om God se wapenrusting aan te trek. Paulus het hier natuurlik die outydse oorlog in gedagte waar die mense mekaar met swaarde, stokke en spiese toegetakel het. Om in so 'n situasie 'n behoorlike wapenrusting te hê het jou in 'n baie sterk posisie geplaas.

As ons nou God se wapenrusting van nader bekyk (verse 14-16), is al die geestelike wapens wat Hy ons gee wapens wat uit 'n sterk en goeie verhouding met Hom werk. Ons het die 'waarheid' as gordel. Wie anders het en is die waarheid as God self. Dieselfde geld vir geregtigheid wat ons as borsharnas moet aantrek. Wie is die groot Regter wat ons regverdig verklaar en ons ook lei om reg op te tree? Ons moet bereid wees om die evangelie van vrede te verkondig. Wie se evangelie is dit? Waarvan vertel hierdie evangelie ons? Geloof en verlossing is ons skild en helm. Hoe sterker ons geloof, hoe beter kan ons die satan se aanvalle stuit; met ander woorde, hoe nader ons aan die Here staan hoe swakker word satan se kans om ons beet te kry. Immers, dit is by die lewende God waar ons ons verlossing gekry het. Hy sal dit nie sommer vir niks tot niet maak nie! En dan gee die Here nog vir ons die swaard van die Gees, die woord van God. Deur die begeleiding van die Gees van God praat ons die woorde van God. Waar die leuens en misleiding van satan opduik, daar moet ons die woorde van God laat weerklink!

Die groot geheim van ons lewenstryd is dus **om met ons hand styf in die hand van God te leef**. As ons saam met en naby Hom deur die wêreld loop, sal satan se skadu nouliks oor ons val! Satan is sku vir God. Hy is bang vir die Koning van die konings, want God het hom vernietigend verslaan. Daarom waag hy dit nie naby God nie. As jy dus in alles wat jy doen naby God bly, bly jy eintlik tegelykertyd uit die pad van satan! Ons sien hier dus weer dat die hart van gebed – en ons hele geestelike lewe – bly maar 'n intieme en hegte verhouding met die lewende God.

Dit bring ons dan weer by die rol van gebed. Uit Ef. 6 is dit duidelik dat die beskrywing van die wapenrusting van God (in verse 14-16) eintlik deur 'n oproep vir 'n intieme gebedsverhouding met God 'omarm' word (verse 10 en 18). In gebed trek jy die wapenrusting van God aan. Daar berei jy jou voor om die versoekings teen te werk.

Tog gebeur daar soms in jou lewe dinge wat jou maar traag maak om jou wapenrusting aan te trek. Dit is net asof jy nie aan die bid kom nie. Soms lyk dit byna asof jy na die vyand oorgestap het...

Sonde: my groot vyand wat ek soms soos 'n vriend behandel.

'n Goeie gebedslewe het ook sy vyande, soos ons reeds gesien het.

Ons het reeds gesien dat gebed moontlik is omdat God daar is. Omdat God daar is en dit so wil hê, kan ons in 'n verhouding met Hom staan. Hierdie verhouding word gevoed en versterk omdat ons met God kan praat. Uit hierdie gesprek met God put ons dan ook ons krag.

Natuurlik sal die duiwel sy mes in hierdie verhouding wil inkry! Hoe swakker die verhouding, hoe beter is die duiwel se kans om God se werk in jou te laat ontspoor. Hoe meer die duiwel jou gebedslewe kan aftakel hoe beter is sy kans om jou verhouding met God te bederf.

Nou is daar sulke kraperighede wat die duiwel gebruik om jou gebedslewe uit te kalwe. Kom ons kyk na 'n paar 'taktieke' wat die duiwel gebruik om ons geloofslewe te versteur. So kan ons agterkom hoe hy werk.

* Die duiwel krap dikwels **ons verhoudinge wat vir ons die meeste tel** deurmekaar. Hy gooi daai saadjie van ontvredenheid en spanning tussen man en vrou in, of tussen ma en kind. So iets maak jou ongelukkig en ontstel jou. As jy dan op jou knieë staan, voel jy net nie reg om te bid nie. Jy voel skuldig of skaam, want jou saak met jou man of kind is nie heeltemal wat dit moet wees nie. Op daardie stadium is dit ook nie sommer moontlik om alles 'uit te praat' nie. Wat nou maak? Hoe bid jy nou? Huigel jy nie dalk om nou met die Here te praat terwyl alles nie reg is nie? Natuurlik lag satan al die pad. Hierdie taktiek weet hy werk soos 'n bom!

Daarom sê Petrus dat ons ons verhoudings in die gesin gesond moet hou, want *'dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder'* (1 Pet 3:7). Dieselfde soort gedagte kry ons by Mat 5:23-24. Hier val dit jou by dat jou broer iets teen jou het. Eintlik sou ons kon sê dat dit sy probleem is. Die Here redeneer egter nie so nie. As iets van jou jou broer pla, moet jy dit gaan regmaak. En as dit jy is wat iets teen jou broer het, geld dieselfde: vergewe hom (Mk11:25). Gebed funksioneer effektief binne die ruimte van gesonde persoonsverhoudinge. Dit is hoe die Here dit wil hê.

* **Geestelike selfversekerdheid en hoogmoed** is ook 'n stok in die wiel van effektiewe gebed. Dit is as jy begin dink dat die Here eintlik 'gelukkig' behoort te voel oor jou. Jy is mos nie soos baie ander nie... nee, jy is beter! Jesus het 'n hele gelykenis daarvoor vertel. In Luk 18:9-14 lees ons van die twee mans wat in die tempel gebid het. Die een het sy eie lof voor God besing. 'n Mens kry byna die gevoel dat daardie man verwag het dat die Here vir hom hande moes klap. Aag nee wat, so werk dit nie. In gebed is jy die een wat op jónú knieë voor God staan en nie andersom nie! Daarom luister God eerder na die tollenaar se gebed wat uit 'n hart van nederigheid kom.

* Ons motiewe met gebed tel ook baie. Die fokuspunt is

kommunikasie met die lewende God. Dit is die manier waarop ons nader en nader aan Hom wil kom. Maar dit is so maklik vir hierdie fokus om te verskuif. So maklik kan ons net oor onself begin praat. **So maklik word EK die middelpunt van die hele gesprek.** Ek vergeet dat dit ek is wat voor God staan, maar bid asof dit God is wat voor my staan. Hy moet luister (en maak?) soos ek sê. Geen wonder dat Jakobus (4:3) dit as een van die struikelblokke in 'n gesonde gebedslewe uitgewys het nie: *'As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig'*.

* Dit kan ook gebeur dat ons dink dat ons sekere sondes vir die Here kan wegsteek. As ons op ons knieë staan, bid ons ten spyte van daardie verkeerde dinge wat nog in ons lewens is. Ons 'ignoreer' dit liefsvol en dink dat dit sommer sal weggaan. Ons praat nie met God daarvoor nie en dink dat Hy dit dan nie sal agterkom nie. Jesaja (59:1-2) het die saak mooi gestel:

Die arm van die Here is nie te kort om te help nie

en sy oor nie te doof om te hoor nie.

Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het

tussen julle en julle God,

dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie

en nie na julle wil luister nie.

Ons het geen ander keuse as om eerlik met God te wees nie. Ons kan nie met twee gesigte voor Hom verskyn nie. Ons moet suiwer en opreg voor Hom leef: *Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid... saam met almal wat die Here*

met 'n rein hart aanroep (Heb. 10:22 en 2 Tim2:22). Dit beklemtoon die belangrikheid van sondebelydenis.

* Dikwels met 'n kaartspel in 'n film, bring die speler op die laaste sy 'troefkaart' uit. Die boef steek natuurlik altyd so 'n kaart iewers in sy mou weg. Daai kaart wen kaartspelle, eerlik of te nie! **Twyfel** is die duiwel se troefkaart. Daarmee probeer hy die mat onder die gelowige se voete uitruk. Geen wonder dat die Here vir ons 'n baie duidelike waarskuwing in sy Woord teen twyfel gegee het nie:

Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie,

want iemand wat twyfel,

is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag

en heen en weer gedryf word.

So 'n mens wat altyd aan die twyfel is

en onbestendig is in al sy doen en late,

moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

(Jak. 1:6-8)

Twyfel is eintlik 'n vreeslike ding. Om te twyfel aan wat jy bid sê eintlik dat jy dink God hoor jou nie of dat Hy nie sy woord gaan hou nie. Twyfel is 'n direkte refleksie op God. As 'n mens egter in aanbidding voor God gestaan het en besef het Wie Hy regtig is, kan jy eintlik nie meer twyfel nie.

Die belangrikste manier om twyfel dus teen te werk, is om lank en intens na God te kyk. Kyk weer wat Hy jou beloof het; dink daaraan of Hy werklik sy woord sal breek; oorweeg Wie Hy is. Om dit so te stel; As God by die voordeur in kom, vlug twyfel by die agterdeur uit. God en twyfel kan nie tegelyk in

dieselfde 'huis' leef nie.

Kom ons oefen...

As 'n mens 'n hou sien kom kan jy koets. As jy kan nadink oor versoekings wat jou mag tref kan jy soveel sterker staan as hulle jou die dag wel tref. Ruim daarom tyd in jou gebed in om jou teen versoekings te staal. Trek die wapenrusting van God aan. Kom ons kyk hoe dit **prakties** gedoen kan word.

Hier moet daar weer tyd vir **bepensing** gemaak word.

* Dink aan môre. Is daar enige situasie wat jy aan kan dink wat jou miskien in die 'moeilike' kan hê. (Dit kan miskien 'n gespanne verhouding met jou tienerkind of man wees; dit kan 'n moeilike situasie by die werk wat jy moet regmaak; of wat ook al). Is daar so iets waaraan jy kan dink? Skryf dit neer.....

.....
.....

* As jy nou aan jouself raad moet gee in die lig van wat jy oor die 'wapenrusting van God' weet, wat sou jy sê moet jy doen? Wat dink jy sal vir jou werk as jy môre in die moeilike situasie kom?

.....
.....

* Praat nou met die Here daaroor.....

.....

* Dink ook af en toe na oor **hoe jy bid**. Word jy soms deur twyfel uitgevang, bid jy soos die Fariseër, of bid jy soms net vir jouself?

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (12)

DIE VLEUELS VAN GEBED (12) – Jan van der Watt

Here, ek bely!

Wat behels sondebelydenis nou presies? Dit behels die herstel van die verhouding met God. Hoe word dit gedoen?

* In die eerste plek **moet jy besef DAT jy 'n fout gemaak het, maar ook mooi weet WAT hierdie fout presies is!**. Dit beteken dat jy spesifiek moet weet wat jy gedoen het om God ongelukkig te maak. Ons bluf onself baie keer. Ons bely ons sonde so in die algemeen en dan dink ons dit is genoeg. Maar as jy nie weet wat jy verkeerd gedoen het nie, hoe kan jy sê jy is jammer oor iets? Dan leef ons mos maar verder soos voorheen. Niks het dan eintlik verander nie. Dit kan tog nie! Na sondebelydenis kan 'n mens nooit weer dieselfde wees nie!

Daarom moet jy spesifiek oor jou lewe nadink. Jy moet die probleem wat tussen jou en God kom staan het, identifiseer en kan sê:

Teen U alleen het ek gesondig,

ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.

U uitspraak is dus reg

en u oordeel regverdig.

(Ps. 51:6)

* As jy dan seker is wat die probleem is, moet jy met God daaroor praat. Maar dit is nie maar genoeg om te sê dat jy 'n fout gemaak het nie. **Jy moet daardie fout voor God deurgond.** Jy moet jou oë na binne draai. Hier binne in jou hart moet jy inkyk. Terwyl jy dit doen, moet jy vir jouself afvra **waarom** jy hierdie fout gemaak het. Sondebelydenis vereis selfondersoek!

Byvoorbeeld, veronderstel jy het jouself liederlik vir Piet by die werk vererg en hom iets leliks toegesnou. Nou is dit al 'n begin om vir die Here te sê jy's jammer. Maar jy moet verder gaan. Jy moet jouself ook afvra waarom jy jou so vererg het. Nou kan jy seker die fout by Piet gaan soek (en dit kry 'n mens gewoonlik). Maar jy moet jou oë darem na jouself ook draai. Jy is die een wat kwaad geword het! As jy hier binne in jouself kyk, sal jy miskien agterkom dat jy eintlik vir Piet kwaad geraak het omdat jy jaloers is op hom. Daar lê die werklike wortel van jou woede en frustrasie. Daaraan moet jy voor God aandag gee. Anders gaan jy maar net weer en weer vir Piet kwaad raak en sal jy elke keer maar net weer met 'n rooi gesig na God toe moet terugkom.

As jy weet wat die probleem is **sê dan vir God in alle eerlikheid jy is jammer en dat jy dit nie weer sal wil doen nie!**

'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring;

'n brandoffer wil U nie hê nie.

Die offer wat U wil hê, o God,

is verootmoediging:

U sal 'n hart vol ootmoet en berou

nie gering ag nie, o God.

(Ps. 51:18-19)

* Sonde is meer as net iets wat jy verkeerd gedoen het. Dit het eintlik die verhouding en vertroue tussen jou en God geskud. Juis hier moet die vertroue weer herstel word. Die hoogtepunt van sondebelydenis is daarom jou **toewyding** aan God. Jy moet vir jou Vader sê dat Hy nie uit hierdie fout van jou moet aflei dat jy Hom nie meer wil dien nie. Jy moet vir Hom sê dat jy voortaan gewillig is om die spel van die lewe **saam met Hom, maar ook soos Hy** te speel; veral as Piet naby is! Kyk hoe mooi het die Psalmis dit uitgedruk:

Maar U verwag opregtheid

diep in 'n mens se hart:

laat ek dan diep in my binneste weet

hoe U wil hê dat ek moet lewe.

(Ps. 51:9)

Sondebelydenis doen dus iets aan jou! Dit bring jou lewenshouding en gesindheid weer in lyn met wat God wil hê. Die positiewe effekte van die sondebelydenis is dus groot! Dit gaan nie alleen om die fout wat jy gemaak het nie, maar laat jou ook weer deeglik besef wie jy is. Jy is iemand wat God met alles moet dien. Jy besef in sondebelydenis weer opnuut dat jy jou lewe nie los van God kan leef nie, maar alleen **met Hom**.

Dit is ook maar 'n leerproses. Kom ons vergelyk dit met 'n balletdanseres. Dit vat baie oefening om 'n behoorlike danseres te word! As die danseres nou 'n nuwe beweging leer en dit nie heeltemal regkry nie, jaag die afrigster haar nie weg nie. Sy draai nie haar rug op die danseres nie en ignoreer haar nie. 'n Balletafrigster is mos nie 'n mafiabaas wat iemand wat 'n fout maak daar en dan van kant maak nie. Inteendeel, die afrigster gee aandag en doen moeite om die ballerina te help. Maar dan moet die ballerina gewillig wees om te luister en te volg. Wat die afrigster bied moet met dankbaarheid aangeneem word.

* Sondebelydenis veronderstel dan ook 'n **positiewe en dankbare aanvaarding** van die vergifnis van God. Die Woord sê immers:

As ons ons sondes bely –

God is getrou en regverdig,

Hy vergewe ons ons sondes

en reinig ons van alle ongeregtigheid.

(1 Joh 1:9)

Daarom sê die Psalmis (32:1) ook dat dit goed gaan met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, maar wie se sonde vergewe word. Daaroor kan ons ons in die Here verbly en jubel (32:11). As die Here met sonde afgereken het, het Hy daarmee afgereken, uit en gedaan. Hy dink nie meer daaraan nie.

Ons moet dus nie die fout begaan om soos nete in ons gedagtes aan die sonde wat ons bely het vas te klou nie. Ons moet God se vergifnis ten volle aanvaar. Om voortdurend aan jou sonde te bly dink of 'n skuldige gewete te hê nadat jy jou saak met die Here reggemaak het, is werklik om die Here te wantrou. So

iemand moet sommer sy wantroue ook voor God gaan regmaak deur God op sy woord te neem: Hy sê mos dat as ons opreg ons sonde bely, Hy ons sal vergewe.

Laat ons in die lig van wat ons sopas gesien het, **prakties** ons sonde bely:

Raak 'n paar oomblikke stil. Dink aan een ding wat jou baie pla omdat jy voel jy het verkeerd gemaak. Skryf dit neer:.....

.....

Vra jouself nou af waarom jy dit verkeerd doen of gedoen het. Probeer in jouself 'inkyk' om jou motiewe te probeer verstaan, met ander woorde, probeer die situasie vir jouself so goed as moontlik verklaar. Skryf die redes waaraan jy kan dink hier neer.....

.....

.....

Bespreek nou die saak met die Here. Sê vir Hom wat jy verkeerd gedoen het en waarom. 'Beplan' saam met Hom daar op jou knieë hoe om die probleem op te los. (Bv. as jy vir Piet kwaad is en jy kom agter dit is uit jaloesie, 'beplan' saam met die Here hoe julle die probleem gaan oplos). Soek daar na die pad wat die Here wil hê jy moet loop. Hier is **eerlikheid en opregtheid** natuurlik onontbeerlik! Deurgrond nou jou probleem uit nommer 1 en 2 so saam met die Here. **Vra ook veral vir die Here om jou te vergewe.** Vra Hom om jou fout nie teen jou te hou nie, natuurlik omdat jy vir Jesus en sy verlossing ken.

.....

.....

.....

.....

Onderneem nou **om dit nie weer te doen nie** en **aanvaar die vergifnis van die Here met dank.** Trek sommer 'n streep deur

die oortreding wat jy in nommer 1 neergeskryf het, want dit is wat God nou van die oortreding dink. Dit bestaan nie meer vir Hom nie. Hy het dit vergewe. Maar ons moet darem hier eerlik genoeg wees om vir mekaar te sê dat God ook verwag om daardie oortreding nie weer in jou lewe te sien nie! Julle het mos saam oor die probleem geworstel (nommer 3) en saam 'n plan beraam om die probleem uit te skakel. Nou moet jy dit gaan doen! Dus, aanvaar nou die vergifnis van die Here deur 'n streep deur die probleem in nommer 1 te trek. Skryf nou ook jou onderneming hier neer om dit nie weer te doen nie.....

.....
.....
.....

Sê nou vir die Here dat jy net aan Hom wil behoort! Hy moet nie aan jou lojaliteit teenoor Hom twyfel nie. Wy jouself aan Hom toe. Sê nou in jou eie woorde dat jy aan die Here en aan Hom alleen lojaal wil wees.....

.....
.....
.....

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (11)

DIE VLEUELS VAN GEBED (11) – Jan van der Watt

Here, vergewe my sonde!

Dit is mense wat bid, jy en ek. Solank dit mense is wat bid,

sal gebed altyd in die kloue van sonde en gebrokenheid vasgevang wees.

Nou kan ons ongelukkig nie rustig aanbid en hierdie saak ignoreer nie. Sonde benadeel gebed en benadeelde of gebrekkige gebed lei weer tot sondigheid. In hierdie bose spiraal wil geen Christen beland nie. En tog is dit 'n strik wat so moeilik is om te vermy.

Ek het jou dan vertrou?

Wat is sonde? 'n Mens sou seker vinnig 'n lysie kan maak, soos vloek, lieg, steel en so aan. Maar die Bybel sal gou vir jou sê dat hierdie dinge net die simptome is van 'n groter siekte. Die oorsprong van alle sonde lê in 'n iets wat verkeerd loop met jou **verhouding** met God. Dit is iets wat maak dat jy so optree dat God ontevrede is. Nou kan daar baie redes voor gegee word, byvoorbeeld dat satan jou verlei, of dat jy ongehoorsaam is of jou eie kop wou volg. Maar die kern van die saak bly steeds dat daar iets verkeerd loop met jou **verhouding** met God.

Nou weet ons ook almal uit ervaring dat 'verhoudings' nie dooie goed is nie. Dit lewe! As jou beste vriend iets doen wat jou seermaak en benadeel, voel dit seer hier binne in jou. Daardie 'onsigbare' band tussen jou en hom – **vertroue** – word aan geknaag en geskuur. Dan moet dit reggemaak word. Die balsem van vergifnis en liefde moet uitgehaal word.

So werk dit ook maar met ons verhouding met God. Sonde, of dit nou vloek of steel is, doen iets aan my verhouding met God. En dit moet reggemaak word!

'n Kind in die familie van God.

Feitlik al die woorde en beelde wat in die Bybel gebruik word om te verduidelik wat met 'n mens gebeur as jy verlos word, gaan oor die herstel van die verhouding tussen God en mens: die slawe van die sonde word vry, die dooies in die sonde kry lewe, die aangeklaagtes word vrygespreek.

'n Christen is dus in die eerste plek iemand aan wie God die voorreg gegee het om in 'n verhouding met Hom te staan. Nou is dit nie sommer enige verhouding nie. God maak ons kinders in sy gesin (vgl. Rom 8:15-17; Joh 1:12-13). Ons word deel van sy familie.

In die tyd van Bybel was families ook anders gereël as vandag en God wil hê dat ons oor onself dink in terme van die ou families. Vandag se families is individualisties. Die kinders kan word wat hulle wil, kan hulle eie besluite neem, gaan gou uit die gesin en sit huis op en so aan. Die destydse families was anders. Dit was byna soos in die ou dae op die plaas. Die pa was die hoof van die gesin en het bepaal hoe die lede van die gesin hulle moet gedra. Die kinders was in die eerste plek lede van die gesin. Die band wat die ou gesinne saamgebind het was 'n sterk groepsband. Gesinslede se persoonlike belange was ondergeskik aan die belange van die groep of gesin. Hulle moes maak soos die pa en die gesin van hulle verwag en lojaal teenoor die gesin wees. Daarvoor het die gesin hulle vertrou. Maar die individuele lid van die gesin kon ook van die gesin verwag om hom of haar te ondersteun en te beskerm. Die groep of gesin was dus ook lojaal teenoor die individu.

Die individuele lid van die gesin moet dus gewillig wees om die spel van die lewe saam met die res van die gesin te speel. Dit moet 'n basiese lewenshouding wees. As die individuele lid egter iets doen wat die pa en die res van die gesin skade aandoen, raak die verhoudinge versteur. Onsekerheid ontstaan oor die wedersydse loyaliteit. Dan moet sake reggemaak word. Dit gebeur natuurlik net as die vertrouwe weer herstel word.

Die skuldige een moet ten minste vir die ander om verskoning kom vra en weer sy lojaliteit bevestig.

Hierdie inligting oor hoe gesinne in die Bybelse tyd gewerk het, help ons om te verstaan wat met sondebelydenis in die Bybel bedoel word. Die Bybel sê dat die gesin van God vergelyk kan word met die gewone gesinne van daardie tyd.

God vra van sy kinders om in gehoorsaamheid aan Hom op te tree. Hulle wil mos immers Christene oftewel gesinsgenote van God wees. Daarom vertrou die Here dat die gelowige in sy optrede ook sal wees wat hy sê hy wil wees. As die gelowige nou sonde doen, skaad dit hierdie verhouding tussen Pa en kind. En die saak is met God nog baie erger as met 'n gewone verhouding omdat God nie onreinheid duld nie. Hy sien nie maar foute oor nie. Hy sê nie 'aag toemaar' terwyl ons maar aankarring nie. Nee, op hierdie punt is God onverbiddelik. Hy háát sonde en daarom versteur ons sonde ongetwyfeld ons verhouding met God. Dit plaas 'n vraagteken oor ons lojaliteit teenoor God. En dit kan nie so gelaat word nie.

Hierdie verhouding moet reggemaak word! Die vertroue moet herstal word. Die manier waarop God wil hê dat dit reggemaak moet word, is deur **sondebelydenis**.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (10)

DIE VLEUELS VAN GEBED (10) – Jan van der Watt

Here, laat U koninkryk kom...

Die eerste reëls van die 'Ons Vader' begin so:

Ons Vader wat in die hemel is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil ook op die aarde geskied,

net soos in die hemel.

(Mat 6:9-10)

In hierdie eerste sinne van die 'Ons Vader' word die eerste fases van gebed treffend geïllustreer.

* *Ons Vader wat in die hemel is...* Juis hier word die geweldige kontras tussen die grootheid van God, maar tog sy nabyheid aan ons uitgedruk. Hy is in die hemel, dáár is sy troon. Maar tog is Hy ons Vader, die Een wat in 'n intieme verhouding met ons staan! In jou gebed reik jy tot in die hemel. In jou eie kleinheid en onsekerheid ontdek jy daar 'n liefdevolle Vader.

* *Laat u Naam geheilig word...* Wie God is en wat Hy doen mag nie geheim bly in die wêreld nie. Wie dit immers hoor sal nie anders kan as om oorweldig te word deur die heiligheid en grootheid van God nie. Maar hoe en deur wie word God geheilig in die wêreld? Hoe sal die wêreld bewus word van die groot heiligheid van God? Jy is die een wat deur jou dankbare

optrede en toegewyde gedrag God 'bekend maak' in die wêreld. Sy Naam word deur jou optrede geheilig. Jy is intens betrokke by sy saak.

* *Laat u koninkryk kom...* God se koninkryk kom in die wêreld waar mense se oë oopgaan om Hom as die grote Koning van die heelal te erken. (Die Here het mos altyd sy koninkryk gehad. Dit hoef in daardie sin nie te kom nie. In die Nuwe Testament beteken die koninkryk wat kom eintlik dat die feit van die heerskappy van God tot die sinne en verstand van mense deurdring). Wie is dit nou wat hierdie koninkryk moet laat kom? God gebruik jou, sy kind. In jou optrede word sy grootheid en heerskappy tog vir ander mense duidelik! Om dus te bid: 'Laat u koninkryk kom' impliseer dat jy vra dat God jou so sal vorm dat mense Hom in jou optrede sal raaksien. Dit vra natuurlik van jou die uiterste vorm van toewyding. Jy sê eintlik vir God dat sy saak vir jou so groot erns is, dat jy jou heeltemal tot beskikking daarvan wil stel. Waar God betrokke wil wees, daar wil jy ook wees. Wat God wil doen, dit wil jy ook doen.

Om te bid: 'Laat u koninkryk kom' beteken om jou met alles wat jy het in God se hand te plaas – vir Hom om te gebruik soos Hy wil...

* *Laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel...* Hierdie gebed bou voort op die gebed vir die koms van die koninkryk. God se wil geskied tog in mense. Die gebed dat God se wil dus moet geskied is 'n gebed dat dit in jou moet geskied. Soos Hy wil, so sal jy... Waar God jou in sy tapeserie wil inweef, daar sal jy op jou helderste probeer skitter. Op die wyse geskied God se wil op aarde... met mense wat hulleself onvoorwaardelik in sy hand lê...

Met hierdie gebede gee jy erkenning aan die feit dat God se

saak jou saak is en dat God van sy kant af besluit het om jou saak deel van sy saak te maak.

Op ons knieë

Hierdie eerste fases van gebed is werklik 'n Godservaring in die volle sin van die woord. Dit is hier waar jy moet beseef Wie God regtig is! Maar hier moet jy ook beseef wie jy nou eintlik is. Dit is ook hier waar jy iets uit dankbaarheid daaraan moet doen.

Kom ons doen dit...

Kom ons **dank** Hom!

* Maak 'n lysie van dinge wat jy dink die Here aan jou gegee het. (Dit kan jou lewe wees, jou verlossing, jou familie, jou werk, jou gesondheid... of waaraan jy ook al kan dink).

.....

.....

.....

.....

.....

Dank Hom nou daarvoor. Met ander woorde, gee aan Hom die eer daarvoor, MAAR sê ook vir Hom dat jy dit graag aan Hom sal wil teruggee deur die manier waarop jy jou lewe aan Hom gaan toewy. ('n Praktiese wenk is om by elke saak waarvoor jy God

wil dank eers vir jouself die volgende vraag te stel: 'Wat sou ek sonder hierdie ding gewees of gedoen het?' Byvoorbeeld: dank God vir jou verlossing. Probeer jouself indink wie en wat jy sonder 'verlossing' sou wees. Gee met hierdie gevoel en besef spesiale dank aan God).

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)